

Skriflesing: Romeine 8:31-39

Tema: God is aan ons kant.

Vir die inwoners van Rome was oorwinningsfeeste met triomf optogte niks nuut nie. Dit was elke generaal en legioen van die Romeinse weermag se droom om 'n triomftog deur die strate van Rome te doen. Hulle het geen geleentheid omdat die oorwinning te vier, laat verbygaan nie. Naas triomftogte is oorwinnings ook gevier met spele en feeste. Op triomfboë is oorwinnings met beeldhouwerk verewig.

In toesprake wat na die oorwinnings in die Romeinse parlement gehou is, is verwys na hierdie of daardie vyand wat nie meer 'n bedreiging vir die Romeinse ryk inhou nie. Paulus sluit in die oorwinningslied van Romeine 8:31-39 by hierdie gebruik aan: Al die kinders van die Here se vyande is verslaan. Hulle hou vir ons gee bedreiging meer in nie. Niks of niemand kan ons van die liefde van God skei nie.

'n Jaar of twee na skryf van die Romeinse brief, het wrede vervolging van gelowiges onder Nero begin. Paulus verwoord iets van hierdie vervolging in die vroeë gedeelte. Wie kan teen ons wees? Wie kan ons aankla? Wie kan ons van sy liefde skei?

In Romeine 8:35 kry ons 7 voorbeelde van die swaarkry wat Paulus aan sy eie lyf ervaar het: ³⁵“Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard?”

Dit gaan swaar met die Christene aan wie Paulus skryf. Ons lees daarvan in Romeine 8:36. ³⁶“Daar staan immers geskrywe: “Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word.”

Paulus sou Rome net as gevangene besoek. Hy is onder Christenvervolging, wat keiser Nero ingestel het, doodgemaak. En steeds weet hy dat niks in die skepping ons uit God se liefdesgreep kan loswikkels nie.

Hoe gaan dit met jou? Wat bedreig jou? Wat laat jou soms soos 'n mislukking voel? Kry jy swaar, voel jy of almal teen jou is en jou aankla? Is jy bang vir misdadigers en die, baiekeer, donker werklikhede van ons land?

Christene gaan swaarkry omdat hulle Christene is. En ons gaan net meer swaarkry soos wat die wederkoms naderkom. Voel jy of hierdie klomp goed in jou lewe, jou van die liefde van die Here skei?

Al lyk en voel dit vir jou partykeer so, God is nie passief nie. Hy is nie onbetrokke by jou lewe nie. God is aan jou kant, want Hy het in liefde gekies om aan jou kant te wees.

Hoor opnuut wat is God se verhouding met ons en laat toe dat Hy netnou, deur die gebruik van nagmaal, jou daaraan herinner en jou opnuut daarvan oortuig.

God is vir ons

Hy het Jesus Christus oorgelewer om ons almal te red. Hy sal al die ander dinge uit genade saam met Hom skenk. Wat is al hierdie ander dinge?

- Dit is vergifnis van sonde.

- Dit is vrypraak deur geloof in Jesus Christus. Ons ontvang nie vrypraak op grond van iets wat ons doen nie. Christus verdien ons vrypraak. Aan die kruis betaal hy die skuld op ons sonde. Nou gee God dit vir ons verniet.

Geloof is die bedelaarshande waarmee ons hierdie geskenk van God vat. Daar is nie 'n ander manier omvryspraak jou eie te maak nie.

God is aan ons kant, hierdie feit verdwerg alle teenstand tot nietigheid. Niemand sal dit waag om teen ons te wees nie.

God kies ons, want Hy is lief vir ons. Dit hang nie van ons af nie. Ons kan niks doen om dit te verdien nie.

Hoor sy versekering in Jes 43:1: "Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob, wat jou gevorm het, Israel: Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne."

Die kruis is God se stembrief vir ons. Daar is niks meer of groter wat Hy vir ons kan doen nie.

Niemand kan ons aankla nie. Die duiwel, die groot aanklaer, wil ons laat twyfel oor God en sy vergifnis van sonde en verlossing deur Jesus Christus. Mense veroordeel ons en sommige van hulle herinner ons gedurig daaraan dat ons nie goed genoeg nie. Ons beskou onself soms maar net as sondige mensies.

Maar niemand kan my aankla of veroordeel nie! Waarom nie?

Want Christus se liggaam is vir my gebreek en sy bloed het vir my gevloei. Ons lees in die klassieke nagmaalsformulier dat Hy in ons plek ons sonde straf so volledig gedra het asof ons self voor God gestaan het, self die straf vir ons sonde gedra het, self daarvoor gesterf en opgestaan en ons geregtigheid voor God verwerf het. Op grond v Christus, spreek God my vry van al my sonde.

Niemand het enige geestelike klag teen my nie. My sondehofsak is afgehandel. God self, die groot Regter, het my vrygespreek.

En Jesus Christus het nie net in my plek gesterf en opgestaan nie. Hy het opgevaar hemel toe en sit nou aan die regterhand van God. Daar is Hy my hemelse Advokaat wat my saak suksesvol by God verdedig.

Niemand kan my aankla of veroordeel nie. Moet jou ook nie self aankla nie. Laat toe dat God jou verlos van die sonde van geestelike minderwaardigheid.

God spreek ons vry

Al gebeur verskriklike dinge met ons:

God het ons lief en niks kan ons van God se liefde skei nie.

Ons lees in Romeine 8:37-38

³⁷Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet.

³⁸Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of

toekomstige dinge of kragte ³⁹of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.”

Ons is nie oorlewendes nie. God is aan ons kant want Hy het in liefde gekies om aan ons kant te wees. Wanneer ons Hom in geloof aanvaar as Verlosser is ons meer as oorwinnaars omdat God ons in Christus liefhet. Ons deel in Christus se reuse oorwinning oor sonde en dood.

Hoe lekker is dit nie om 'n oorwinnaar te wees nie? Ons is **meer** as oorwinnaars.

Kom sing saam die oorwinningslied van Romeine 8. Stap saam in die triomftog van die Here. Stap onder die kruis as ons triomfboog deur!

Brood en wyn herinner ons daaraan dat daar geen groter liefde is as God se liefde deur Jesus Christus vir elkeen van ons nie.

En niks of niemand kan jou van hierdie liefde skei nie.

Amen